NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Lêerverwysing: 1Pr/1.1.4

INLIGTINGSHANDLEIDING

Noordwes-Universiteit

(soos vereis ooreenkomstig artikel 14 en 51 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000)

1 Struktuur en funksies

Die Statuut van die Noordwes-Universiteit beskryf in Hoofstuk 2 die beheerstrukture en ander strukture van die universiteit.

Die Statuut is die Staatskoerant Nr 27872 op 8 Augustus 2005 gepubliseer en beskryf die strukture en funksies van die Universiteit. Die Statuut van die Noordwes-Universiteit is beskikbaar by http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/statute/index_a.html, of skakel die departement Rekordbestuur en Administrasie by (018) 299 4942 of amanda.vandermerwe@nwu.ac.za vir 'n kopie.

2 Kontakbesonderhede van die inligtingsbeampte en adjunkinligtings-beampte en hoof van die organisasie

2.1 Inligtingsbeampte

Naam:	Dr T Eloff, Visekanselier
Straatadres:	Borcherdstraat 53, Potchefstroom
Posadres:	Privaatsak X1290 Potchefstroom 2520
Telefoonnommer:	018-299 4902
Faksnommer:	018-299 4910
E-pos:	theuns.eloff@nwu.ac.za

2.2 Adjunkinligtingsbeampte

Naam:	Prof NT Mosia, Institusionele Registrateur
Straatadres:	Borcherdstraat 53, Potchefstroom
Posadres:	Privaatsak X1290 Potchefstroom 2520
Telefoonnommer:	018-299 4917
Faksnommer:	018-293 5352
E-pos:	themba.mosia@nwu.ac.za

3 Die Menseregtekommissie se gids

Die gids (wat inligting vervat vir enige persoon wat sy reg wil uitoefen om toegang tot inligting te verkry ooreenkomstig die Wet), is by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie beskikbaar.

Die kontakbesonderhede is as volg:

- www.sahrc.org.za
- paia@sahrc.org.za
- jsteffers@sahrc.org.za of hkhumalo@sahrc.org.za

4 Versoek vir toegang tot inligting

Alle persone wat wil aansoek doen vir toegang tot inligting vir rekords wat deur die NWU gehou word, moet die voorgeskrewe aansoekvorm (soos gepubliseer in die Staatskoerant (Staatskennisgewing R187-15 February 2002 Vorm A) voltooi wat by die Institusionele Registrateur se kantoor beskikbaar is. Die besonderhede is die volgende:

Straatadres:	Borcherdstraat 53, Potchefstroom
Posadres:	Privaatsak X1290 Potchefstroom 2520
Telefoonnommer:	018-299 4917
Faksnommer:	018-293 5352
E-pos:	themba.mosia@nwu.ac.za

of alternatiewelik besoek die NWU-webtuiste by: http://www.nwu.ac.za/gov-man/policy/index_a.html

5 Beskrywing van die onderwerpe waaroor die NWU rekords bewaar en kategorieë van rekords wat gehou word oor elke onderwerp

Die NWU Rekordbestuursbeleid (beskikbaar by http://www.nwu.ac.za/gov-man/policy/index_a.html) en lêerplan en beskikkingskedule (beskikbaar by die Rekordbestuurder op versoek) verskaf ‘n aanduiding van die records wat die NWU hou en die wyse waarop hierdie records bestuur word.

Neem asseblief kennis dat die records soos in die NWU lêerplan en beskikkingskedule nie noodwendig op versoek beskikbaar gestel sal word nie, aangesien sekere van hierdie records in geheel of gedeeltelik vertroulik is, en ook onderworpe is aan die reg wat u wil uitoefen of beskerm. Die beskikbaarheid van die records hang ook van die NWU se interne prosedures met betrekking tot die beskikking oor records af.

Neem asb verder kennis dat alle records wat hulle retensieperiode uitgedien het en ‘n D-instruksie in the lêerplan het, vernietig word en in die NWU se vernietigingsregister aangeteken word. U reg op toegang to inligting word regmatig deur die NWU lêerplan en beskikkingskedule beperk.

Kontak asseblief die rekordbestuurder van die universiteit by amanda.vandermerwe@nwu.ac.za of (018) 299 4942 indien u meer inligting verlang.

6 Kategorieë van rekords beskikbaar sonder om toegang tot inligting te vra [artikel 15]

Alle inligting/rekords wat op die NWU webtuiste gepubliseer is by www.nwu.ac.za.

7 Beskrywing van dienste wat aan lede van die publiek beskikbaar is en hoe om toegang te verkry tot daardie dienste

Die kernbesigheid van die Universiteit is die voorsiening van kwaliteit onderrigleer, navorsing en implementering van deskundigheid. ’n Volledige lys van kwalifikasies en programme word vervat in die Universiteit se jaarboeke. Alternatiewelik kan die dienste van die Universiteit besigtig word by die NWU webtuiste http://www.nwu.ac.za.

8 Deelname in beleid- en besluitnemingsliggame van die Universiteit [artikel 14(g)]

Studente en personeel mag aan beleid- en besluitnemingsprosesse van die Universiteit deelneem ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys, Wet 101 van 1997, soos gewysig, asook die terme in die Statuut en daardie interne prosedures soos ooreengekom met studente- en personeelverteenwoordigendeliggame van tyd tot tyd. Ander belangstellende persone mag hulle kommentaar of voorstelle by die Institusionele Registrateur, by bogenoemde adres in paragraaf 4, indien.

9 ’n Beskrywing van alle remedies wat beskikbaar is na aanleiding van ’n optrede of gebrek aan optrede van die Universiteit

9.1 ’n Student of lid van die publiek mag ’n formele geskrewe klag by die Institusionele Registrateur indien.

9.2 Die Universiteit se interne grieweprosedure is tot beskikking van alle personeellede.

9.3 Indien die klagte in ooreenstemming is met ’n optrede of gebrek aan optrede, in terme van die Wet op Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000, mag die klaer sulke stappe neem soos voorsien word in artikels 74 tot 82 van hierdie Wet.

10 Ander inligting

Vir enige ander inligting wat nie in hierdie handleiding vervat is nie, kan u gerus die Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte, wie se kontakbesonderhede in paragraaf 2 hierbo genoem word, skakel. Alternatiewelik kan die NWU se webtuiste besoek word by http://www.nwu.ac.za.

Hierdie handleiding is ook beskikbaar in Engels en Setswana by http://www.nwu.ac.za

Hierdie handleiding sal jaarliks opdateer word.

Rekordbestuur en Administrasie
2009-11-30

Opdaterings:
Eerste publisering: 6 Julie 2004
Eerste opdatering: 21 Junie 2006
Tweede opdatering: 13 Februarie 2007
Derde opdatering: 14 Februarie 2008
Vierde opdatering: 8 Desember 2008
Vyfde opdatering: 30 November 2009

Current details: AMANDA.VANDERMERWE r:\1. governance\1pr-1.1.4 paia information manual\1pr-1.1.4-manual_a.docx
0000-00-00